



MAAND IN OORSIG | APRIL 2026

PLAASLIKE MARKTE

- SPANNING IN MIDDE-OOSTE TREF PLAASLIKE BEURS

Verloop van sake op die JSE is geraak deur die trajek van die Midde-Oosterse konflik en die domino-effekte daarvan op oliepryse, die rand en kommoditeitsmarkte. Terwyl die Suid-Afrikaanse aandelemark soortgelyke makro-teenwinde as die VSA in die gesig gestaar het, het die JSE nie 'n groot tegniesesektor om eksterne skokke te weerstaan nie, wat dit meer sensitief maak vir die kommoditeitsiklus, valutabewegings en wêreldwye risikosentiment.

Die plaaslike beurs het die maand begin met sy ergste terugslag in 8 jaar. Dit het ietwat herstel teen die tweede week van April, met die laaste week van die maand wat moeilik was namate breë swaakheid in hulpbron- en finansiële aandele vir negatiewe sentiment gesorg het, met beleggers wat teruggetrek het van risikobates, en kommoditeitspryse wat wisselvallig gebly het. Die JSE Indeks van Alle Aandele (+1.0% maand op maand/-0.6% jaar tot datum).

Hulpbronne het die swakste gevaar (Resi-10 -2.7% maand op maand/+2.7% jaar tot datum); die SA Genoteerde Eiendomsindeks het goeie winste aangeteken (+4.4% maand op maand/-1.2% jaar tot datum). Finansiële aandele het verstewig (Fini-15 +2.6% maand op maand/+1.7% jaar tot datum), asook nywerheidsaandele (Indi-25 +2.6% maand op maand/-6.9% jaar tot datum). Die rand het wel verswak na die bekendmaking dat VSA rentekoerse onveranderd gaan bly, maar maand op maand het die plaaslike geldeenheid met 1.6% (-0.7% jaar tot datum) teenoor die Amerikaanse dollar versterk.

Montauk Renewables, wat spesialiseer in die bestuur, herwinning en omskakeling van biogas na hernubare natuurlike gas, wat vir 'n geruime tyd nie te waffers gevaar het nie was die beste presteerder in April. Die maatskappy se aandele, wat ook op die Nasdaq genoteer is, het maand op maand 33.7% gestyg. Die logistieke en haweterminale-operateur Grindrod (+19.7% op maand op maand) was April se tweede bes presterende aandeel, gevolg deur die gediversifiseerde nywerheidsgroep Kap Bpk. (+19,1% op maand op maand) in die derde plek.

Hulpbronaandele het die verloorders se bord oorheers, met die meeste van die twintig swakste presteerders uit die mynbousektor, terwyl goudmyn-aandele, platinagroep-metale en steenkooluitvoerders sewe uit die tien swakste presteerders uitgemaak het. Nadat dit 'n toename van 51.0% in Maart aangeteken het (verlede maand se tweede beste presteerder), was Thungela Resources (-13.4%) April se swakste presteerder. Thungela is gevolg deur die gediversifiseerde oopgroefmynbougroep, Afrimat (-11.1% maand op maand), met Mondi in die derde plek (-9.4% maand op maand).

INFLASIE STYG EFFENS, PMI VERBETER

SA se hooflyninflasie het in Maart tot 3.1% jaar op jaar gestyg vanaf 3.0% in Februarie, in lyn met konsensusverwagtinge. Die Maart-data moet egter as 'n voor-skok-syfer beskou word, met die energieprentjie steeds positief toe die Maart-inflasiemetings geneem is. Hierdie dinamiek sal na verwagting omkeer. As 'n netto invoerder van geraffineerde petroleum, is SA hoogs blootgestel aan stygende wêreldwye oliepryse – stygende brandstofkoste beïnvloed vervoer en logistiek, met breër tweede ronde-effekte oor voedsel, vervaardiging en dienste. April-brandstofprysverhogings, wat die regering probeer versag het deur die brandstofheffing te verminder, sal begin deursyfer na komende inflasiesyfers.

Die seisoensaangepaste Absa Aankoopbestuurdersindeks (PMI) het vir die eerste keer sedert September 2025 bo die neutrale 50-punt-punt gestyg, en het April op 52.6 afgesluit teenoor 49 in Maart. Die verbetering is gedryf deur 'n herstel in beide sake-aktiwiteit en nuwe verkoopsbestellings, wat dui op 'n sterker begin van die tweede kwartaal na 'n swak eerste kwartaal.

BESTE APRIL SEDERT 2013 VIR VOERTUIGVERKOPE

Suid-Afrika se nuwe voertuigmark het sy positiewe binnelandse prestasie in April 2026 voortgesit, met binnelandse vraag wat steeds die algehele bedryfsaktiwiteit anker ten spyte van 'n toenemend onsekere internasionale agtergrond. Die jongste syfers weerspieël 'n mark wat steeds voordeel trek uit vroeëre sikliese ondersteuning, selfs terwyl eksterne skokke steeds 'n impak op die bedryfsomgewing het.

Die totale binnelandse nuwe voertuigverkope in April 2026 het 47 979 eenhede bereik, die beste April-prestasie sedert 2013, wat 'n toename van 5 512 eenhede, of 13,0%, verteenwoordig in vergelyking met die 42 467 voertuie wat in April 2025 verkoop is. In teenstelling hiermee het uitvoervolumes afgeneem tot 30 939 eenhede, 'n inkrimping van 4.0% relatief tot die 32 229 eenhede wat in April 2025 verskeep is.

Die April-prestasie weerspieël grootliks momentum wat oor die vorige maande opgebou is, ondersteun deur verbeterde finansieringstoestande en 'n sterker sentiment. Hierdie ondersteunende faktore word egter nou gekonfronteer met teenwinde in die makro-omgewing, gekenmerk deur verhoogde energiepryse, dreigende stygende inflasieverwagtinge en 'n ommekeer in die rentekoersvooruitsigte.

INTERNASIONALE MARKTE - WÊRELDMARKTE OORLEEF DIE ONRUS

April was 'n maand van teenstrydighede. Internasionale aandelemarkte het oor die algemeen veerkragtig gebly (MSCI World +9.4% maand op maand/+5.2% jaar tot datum), ten spyte van volgehoue verhoogde geopolitieke risiko as gevolg van die VSA/Israel/Iran-konflik, 'n volgehoue hoë olieprys (Brent-ru-olie het gemiddeld VS\$107/vat in April behaal, en gestyg tot 'n intradag-hoogtepunt van ongeveer VS\$126/vat op 30 April), stygende effekte-opbrengste en hernude inflasiekommer.

In die middel van hierdie spanning het makro-teenwinde en korporatiewe fundamentele faktore uiteenlopende gevolge vir markte gelever. 'n Uitters goeie Amerikaanse verdiensteseisoen in die eerste kwartaal van 2026 (gelei deur tegnologie- en KI-gekoppelde maatskappye) het steeds beleggerssentiment geanker en risiko-aptiyt gesteun.

Terselfdertyd was daar deur die loop van die maand optimisme dat die situasie in die Midde Ooste sal bedaar en ook optimisme vir Amerikaanse ekonomiese data, wat gehelp het om markte deur periodes van wisselvalligheid te stabiliseer.

Die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) het rentekoerse onveranderd gelaat te midde van kommer oor inflasie wat verder styg namate die olieprys aanhou styg. Amerikaanse makro-ekonomiese data wat in April vrygestel is, was gemeng. Maart se hoofinflasie het met 3.3% jaar-op-jaar gestyg teenoor Februarie se 2.4%, terwyl kerninflasie, wat voedsel en energie uitsluit, met 2.6% jaar-op-jaar gestyg het vanaf die 2.5% voorheen. Verbruikersbesteding, wat meer as twee derdes van die Amerikaanse ekonomiese aktiwiteit uitmaak, was 0.9% hoër in Maart (versterk deur hoër inflasie) nadat dit in Februarie met 0.6% gestyg het. Die BBP vir die eerste kwartaal van 2026 het op 'n jaargrondslag 2% uitgebrei, teenoor 0.5% in die vierde kwartaal van 2025, maar is laer as 'n aanvanklike skatting van 2.2%.

WINSTE VIR AMERIKAANSE MARKTE

Markte in the VSA het weereens die toon aangegee en die drie vernaamste indekse het April positief afgesluit. Die S&P 500 (+10.4% maand op maand/+5.3% jaar tot datum) en die Nasdaq (+15.3% maand op maand/+7.1% jaar tot datum) het deur die loop van die maand nuwe hoogtepunte bereik en die beste maandelikse vertoning in ses jaar aangeteken. Die Dow Jones het maand op maand 7.1% hoër gesluit (+3.3% jaar tot datum). Waarnemers meen die markte het goed gevaar danksy maatskappywinste wat in die eerste kwartaal aangeteken is en geesdrif rakende die groot belangstelling in kunsmatige intelligensie (KI), en sodoende die impak van die spanning in die Midde-Ooste verminder.

EUROPESE EN VK MARKTE VEERKRAGTIG

Europese markte was minder optimisties as die VSA (Euro Stoxx50 maand op maand 5% hoër/ +0.5% jaar tot datum) maar het betekenisvol van die verliese van Maart herstel danksy goeie maatskappywinste en stabiele beleid deur die Europese Sentrale Bank. Belleggerssentiment is steeds sensitief vir olie-prys skokke weens Europa se strukturele afhanklikheid vir ingevoerde energie. Die CAC in Frankryk het maand op maand 3.8% gestyg (-0.4% jaar tot datum) en in Duitsland het die DAX maand op maand 7.1% gestyg (-0.8% jaar tot datum). Eurosone inflasie was in Maart 2.6%, die hoogste sedert Julie 2024 en 'n skerp styging vanaf 1.9% in Februarie, grootliks weens hoër energiekoste.

In die VK het die FTSE 100 maand op maand 2% hoër gesluit (+4.5% jaar tot datum). Inflasie was in Maart 3.3% jaar op jaar (Februarie 3.0%), soos in Europa gedryf deur hoër energiekoste. Die Bank van Engeland het na afloop van sy vergadering vir April rentekoerse onveranderd gehou.

POSITIEWE MAAND IN ASIË

Aandelemarkte in China het hoër gesluit, ondanks skommeling deur die loop van die maand. Die Shanghai Saamgestelde Indeks was maand op maand 5.7% hoër (+3.6% jaar tot datum) en die Hang Seng in Hong Kong het maand op maand 4.0% gestyg (+0.6% jaar tot datum). Beleid is steeds positief na die regering maatreels vir ekonomiese groei ingestel het met klem op plaaslike tegnologie. Dit, en stygende plaaslike vraag en die stabilisering van die eiendomsektor steun ekonomiese groei. Vervaardiging is effens laer met die amptelike PMI wat April op 50.3 afgesluit het teenoor 50.4 in Maart.

Japan het besonder goed gevaar en die Nikkei het die maand 16.1% hoër afgesluit (+17.8% jaar tot datum), aangedryf deur gesonde momentum deur tegnologie en KI aandele. Die Bank van Japan het rentekoerse onveranderd gehou na afloop van sy vergadering in April. Hoewel inflasie in Maart tot 1.5% gestyg het teenoor 1.3% in Februarie is dit vir die tweede agtereenvolgende maand onder die Bank se teiken van 2%.

SKOMMELINGE VIR OLIE-PRYSE

Die olieprys het in April groot skommeling aangeteken weens uiteenlopende kommunikasie deur Iran en die VSA rakende die stand van sake in die Straat van Hormoes, lae energie-voorraad in Asië en Europa en strukturele onsekerheid. Brent ru-olie (+3.7% maand op maand/+87.4% jaar tot datum) het die maand op VS\$118 per vat afgeskop, deur die loop van die maand tussen VS\$100 en VS\$126 per vat verhandel en die maand op VS\$114 per vat afgesluit. Die Verenigde Arabiese Emirate het besluit om nie meer deel te wees van die Organisasie van Petroleum Uitvoerlande (Opul) nie. Dit sal die kartel verswak en daar is nou onsekerheid oor wat ander lede van Opul gaan doen.

Ander kommoditeite was wisselvallig. Die goudprys was maand op maand 1.1% laer (+6.9% jaar tot datum) en was veral onder druk omdat beleggers weens 'n sterker VSA dollar ander bateklasse verkies het. Dit was 'n dramatiese maand vir platina-groep metale. Platina het effens verbeter (+1.7% maand op maand/-3.5% jaar tot datum). Palladium was maand op maand 3.6% hoër (-5.4% jaar tot datum).

SLIM WENK

ADVISEURS SE INSIGTE

In die lig van die markonstuimigheid het verskeie van ons adviseurs hul menings gedeel oor hoe beleggers behoort (of nie behoort nie) te reageer.

Indien jy dit gemis het,

>> LEES VORIGE BELEGGINGSVERSLAE

>> LUISTER NA ONS PODSENDINGE OP SPOTIFY



**KONTAK ENIGE VAN ONS HOOGSGEKWALIFISEERDE FINANSIËLE RAADGEWERS
BY ONS NEGE KANTORE LANDSWYD OM JOU BELEGGINGSSTRATEGIE TE BESPREEK.**

KONTAK ONS
invest@brenthurstwealth.co.za

Johannesburg +27 (0) 11 799 8100
Sandton +27 (0) 10 035 1391
Pretoria +27 (0) 12 347 8240
CPT Waterfront +27 (0) 21 418 1236
George +27 (0) 44 050 6057

Claremont +27 (0) 21 100 3901
Bellville +27 (0) 21 914 9646
Stellenbosch +27 (0) 21 882 8706
Val de Vie Estate +27 (0) 21 100 3901
Mauritius +230 5843 5215

SATELLITE OFFICES:

LIMPOPO: Ruan Breed | +27 82 551 3299
FREE STATE: Iniel Van Zyl | +27 72 298 3212
NORTH WEST: Maria Smit | +27 79 696 6860
MPUMALANGA: Marise Reinach | +27 72 795 3604
KWAZULU-NATAL: Arin Ruttenberg | +27 84 582 8581

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Reg Nr: 2004/012998/07) FSP Nr. 7833. Hierdie e-pos en enige lêeraanhegsels wat daarmee gestuur word, is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde(s) en mag wettig bevoorreg en/of vertroulik wees. As u hierdie e-pos per abuis ontvang het, vernietig dit asseblief. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud bekend maak, kopieer, versprei of enige aksie neem gebaseer op die inhoud hiervan nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbode en kan onwettig wees. Die menings en standpunte wat in hierdie e-posboodskap uitgedruk word, is nie noodwendig dié van die bestuur van Brenthurst Wealth Management (Edms) Beperk nie.